Skoolure vanaf Donderdag 30 Mei 2024

Gr. 1 – 7
As gevolg van die eksamen wat om die draai is, sal die skool vanaf 30 Mei tot 13 Junie om 11:45 uitkom vir gr. 1 en om 12:00 vir gr. 2 – 7 leerders. Ons is oortuig daarvan dat die inligting u goed te pas gaan kom om u kind by te staan met die voorbereiding vir die eksamen. Wagklasse is beskikbaar vir leerders wat eers om 13:30 afgehaal kan word.

Baie sterkte vir die eksamen wat voorlê. Ons weet die leerders gaan hulle bes doen en goeie punte behaal.

Kleuterskool: gr. RRR – R
Die dagprogram van die kleuterskool sal om 11:45 eindig, en is u welkom om u kind dan te kom haal. Daar sal wagklasse beskikbaar wees tot 13:00.

SKOOL SLUIT OP 14 JUNIE OM 11:00 VIR GR. RRR – 7.

Nasorgsentrum
Die nasorgsentrum sal oop wees vir leerders wat by die nasorg ingeskryf is.

Hemelvaart

Baie dankie aan dominee Henry Stopforth wat op 'n baie spesiale manier die betekenis van Hemelvaart aan ons gr. 1 – 7 leerders oorgedra het, en aan pastoor Hein van Heerden vir die pragtige boodskap wat u aan ons kleuterskoolmaats oorgedra het.

Ons glo dat hulle die boodskap nog lank sal onthou.

Aansoek vir toelating 2025

Ons 2025 aansoek vir toelating is oop vir nuwe inskrywings. Indien u kind nog nie in Laerskool Secunda/Secoerie kleuterskool is nie en graag by ons wenskool wil aansluit, is dit nou u kans!

https://secundalaerskool.co.za/toelaatings/

Herregistrasie van huidige gr. RRR – gr. 6 leerders 2025

Op ‘n latere stadium in die jaar ontvang alle huidige ouers ‘n herregistrasievorm om u kind, wat tans in Laerskool Secunda/Secoerie kleuterskool is, se plek vir 2025 te verseker.

Foto’s

Bestellings sluit 14 Junie. Sit assesblief die korrekte bedrag in die koevert. Geen kleingeld sal gegee word.

Fietsry

Baie sterkte aan al die fietsryers wat Saterdag 11 Mei aan die XCO reeks by Ligbron in Ermelo gaan deelneem.

Baie sterkte. Trap jou hart uit!

Baie geluk aan Brand du Plessis wat op 3 – 5 Mei aan die XCO en XCC SA Champs in die Paarl deelgeneem het.

Hy behaal ‘n 5de plek in XCC en ‘n 6de plek in XCO.

Ons is baie trots op hom!

Mini-gholf

Elke Woensdag 13:30 – 14:30 op die rugbyveld.

R50 per les.

Vriendelike groete

MNR. J. BOTHMA
HOOF